Aviator® XPRO

*Koring /// Kanola /// Gars*



# BEREIK NUWE HOOGTES
## *IN SIEKTEBEHEER*

**Aviator® Xpro™** is 'n swamdoder wat geregistreer is vir gebruik op koring, gars en kanola en bied uitstaande siektebeheer.

**Aviator® Xpro™** is geregistreer vir beide grond- en **lugtoediening**. Kyk gerus na die riglyne vir **lugtoediening** hier onder en dien **Aviator® Xpro™** moeiteloos uit die lug uit toe.




### *Neem die volgende in ag wanneer dit kom by lugtoediening:*

- /// Maak jouself vertroud met en stel die vlieënier in kennis van die rentmeesterskapvereistes wat verband hou met die **lugtoediening** van **Aviator® Xpro™ 225 EC**.
- /// Stel alle inwoners in die onmiddellike gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor aangrensende gebiede of water spuit of toelaat dat drywing dit besoedel nie. Verwys asseblief na die SANS Praktykkode vir die **lugtoediening** van landbouchemikalieë.
- /// Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat verlies van spuitmateriaal tydens toediening tot die minimum beperk word
- /// Lugtoediening van **Aviator® Xpro™ 225 EC** mag slegs deur 'n geregistreerde lugtoedieningsoperateur uitgevoer word met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Lugtoediening van Landbouplaagdoders).

## DIT IS NOODSAAKLIK DAT DAAR BY DIE VOLGENDE KRITERIA GEHOU WORD:

- /// **Volume**: 'n Spuitmengselvolume van 30 - 40 ℓ per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie by 'n verlaagde volume geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie doeltreffendheid waarborg nie, en kan hulle ook nie verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk lugtoegedien word teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel nie.
- /// **Druppelbedekking**: 25 tot 35 druppels per cm$^2$ moet in die teikenarea herwin word.
- /// **Druppelgrootte**: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 tot 300 mikron word aanbeveel. Beperk die vorming van fyn druppels kleiner as 150 mikron (hoë dryf- en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- /// **Vlieghoogte**: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk op 3 tot 4 meter bo die teiken. Moenie spuit wanneer die vliegtuig duik, klim of kantel nie.
- /// Gebruik geskikte verstuiwingstoerusting wat die verlangde druppelgrootte en -bedekking sal lewer, maar terselfdertyd minimum produkverlies verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die laagste moontlike relatiewe spreiding produseer.
- /// Plaas alle verstuiwers binne die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te voorkom dat druppels in die vlerkpuntwerwels beland.
- /// Die temperatuurverskil tussen die nat- en droëboltermometers van 'n slingerhigrometer moenie 8 °C oorskry nie.
- /// Staak bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- /// Staak bespuiting onder turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die warmste deel van die dag.
- /// Bespuiting onder temperatuur-inversietoestande (bespuiting in of bo die inversielaag) en/of hoë humiditeitstoestande (relatiewe humiditeit van 80% en hoër) kan tot die volgende lei:
  - verminderde doeltreffendheid as gevolg van die suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (onvoldoende bedekking).
  - skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas as gevolg van die wegdryf van die gesuspendeerde spuitwolk vanaf die teikenland.
- /// Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- /// Verkry versekering van die lugbespuitingsoperateur dat bogenoemde vereistes nagekom sal word en dat relevante data in 'n logboek aangeteken en vir toekomstige verwysing bewaar sal word.







***Ontdek die voordele van lugtoediening en gee eerste-klas beskerming aan jou koring, kanola en gars.***

***Vir meer inligting oor hoe jy die voordele van Aviator® Xpro™-lugtoediening kan benut, kontak jou Bayer-verteenwoordiger.***

***Om meer te lees oor die voordele van Aviator® Xpro™ vir jou plaas,*** **KLIK HIER**

leafshield formulation system | Aviator® XPRO | BAYER

**#BAYERvoordeel** | @Bayer4Crops

**www.cropscience.bayer.co.za** /// **www.bayer.co.za** /// **Tel:** +27 11 921 5002

**LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK:**

**Aviator® Xpro™** Reg. Nr. L10089 (Wet Nr. 36 van 1947). Bevat 75 g/ℓ Bixafen (pyrazolecarboxamide) en 150 g/ℓ Prothioconazole (triazole). Waarskuwing. **Aviator® Xpro™** en **Leafshield™** is geregistreerde handelsmerke van **Bayer AG**. **Bayer** (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.

**WAARSKUWING**

**Gevaarstellings:**
- Veroorsaak ernstige oogirritasie.
- Kan respiratoriese irritasie veroorsaak.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

A42385